



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

GEOGRAFIE V1

FEBRUARIE/MAART 2016

PUNTE: 225

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n 11 bladsy-bylae.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit vier vrae.
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.
3. Alle diagramme is in die BYLAE ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.
5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Nommer die antwoorde in die middel van die reël.
8. **OMKRING** die vraagnommers wat jy beantwoord het op die voorblad van die **ANTWOORDEBOEK**.
9. **MOENIE** in die kantlyne van die **ANTWOORDEBOEK** skryf **NIE**.
10. Illustreer jou antwoorde met benoemde diagramme, waar moontlik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. As jy EEN vraag in AFDELING A beantwoord, moet jy TWEE vrae in AFDELING B beantwoord.

VRAAG 1

- 1.1 Gebruik FIGUUR 1.1, 'n satellietbeeld van 'n tropiese storm, en beantwoord die vrae wat volg.
- 1.1.1 Identifiseer die tipe sikloon wat in die satellietbeeld voorgestel word.
- 1.1.2 Is dit 'n hoog- of 'n laagdrukstelsel?
- 1.1.3 In watter seisoen kom hierdie weerstelsel voor?
- 1.1.4 Noem die heersende winde wat hierdie sikloon aandryf.
- 1.1.5 Noem die globale lugsirkulasiesel waarin hierdie stelsel voorkom.
- 1.1.6 Watter EEN, Réunion of Mauritius, sal minder ernstige weer ondervind?
- 1.1.7 Wat vertel die naam Edilson oor die getal siklone wat in hierdie seisoen ervaar is?
- 1.1.8 Benoem die wolk wat rondom die oog van hierdie sikloon voorkom. (8 x 1) (8)
- 1.2 Verwys na FIGUUR 1.2 en benoem die diagram deur die stellings hieronder te voltooi. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.2.1 **A** is 'n ..., wat 'n bergreeks is wat een opvangsgebied van 'n ander opvangsgebied skei.
- 1.2.2 **B** is 'n ..., wat 'n hoogliggende gebied binne 'n opvangsgebied is wat sytakke van mekaar skei.
- 1.2.3 **C** is die ..., wat die oorsprong van 'n rivierstelsel in bergagtige, hoogliggende gebiede aantoon.
- 1.2.4 **D** is die ... waar twee of meer strome by mekaar aansluit.
- 1.2.5 **E** is 'n ..., wat water aan die hoofrivier voorsien.
- 1.2.6 **F** is in die ...-loop van die rivier.
- 1.2.7 **G** is die ... waar die rivier in die see invloei. (7 x 1) (7)

- 1.3 FIGUUR 1.3 toon die volwasse (warmsektor-) stadium in die ontwikkeling van 'n middelbreedte-sikloon aan.
- 1.3.1 Gee 'n ander naam vir hierdie weerstelsel. (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Gee redes vir die lae lugtemperatuur by **D**. (2 x 1) (2)
- 1.3.3 Teken 'n deursnit van front **A** vanaf punt **E** tot punt **F**. Toon die hoofwolktipe en lugbewegings duidelik aan. (4 x 1) (4)
- 1.3.4 Gee die breedtegrade waartussen middelbreedte-syklone ontwikkel. (1 x 2) (2)
- 1.3.5 Gee 'n bewys om die stelling dat hierdie middelbreedte-sikloon in die volwasse (warmsektor-) stadium van ontwikkeling is, te ondersteun. (1 x 2) (2)
- 1.3.6 Verduidelik hoe die Suid-Indiese hoogdrukseël die beweging van die middelbreedte-sikloon sal beïnvloed. (2 x 2) (4)
- 1.4 Bestudeer FIGUUR 1.4, wat antisyklone oor Suid-Afrika aantoon.
- 1.4.1 Benoem elk van antisyklone **A**, **B** en **C**. (3 x 1) (3)
- 1.4.2 Antisyklone word met stabiele weerstoestande oor die Suid-Afrikaanse binneland geassosieer, veral in die winter. Teken 'n benoemde skets om die invloed van die binnelandse antisikloon op Suid-Afrika se weer te illustreer. (4 x 1) (4)
- 1.4.3 Verduidelik, in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, die invloed van die intertropiese konvergensiesone (ITKS) op die veranderende ligging van die drie antisyklone, relatief tot Suid-Afrika. (4 x 2) (8)
- 1.5 Verwys na FIGUUR 1.5, wat die veranderinge in dreineerdigheid van 'n dreineerbekken gedurende die verloop van die jaar aantoon.
- 1.5.1 Definieer die term *dreineerdigheid*. (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Watter EEN van die dreineerbekke, **A** of **B**, toon die dreineerdigheid gedurende die droë seisoen en reënseisoen onderskeidelik aan? (2 x 1) (2)
- 1.5.3 Verduidelik waarom die dreineerdigheid van die dreineerbekke deur die loop van die jaar verander. (2 x 2) (4)
- 1.5.4 Die verandering in dreineerdigheid verander die stroomorde van die dreineerbekke binne die verloop van 'n jaar. Verduidelik, in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, waarom dit die geval is. (4 x 2) (8)

- 1.6 Verwys na FIGUUR 1.6, 'n foto van 'n rivierkanaalpatroon, en beantwoord die vrae wat volg.
- 1.6.1 Benoem die rivierkanaalpatroon in die foto. (1 x 1) (1)
- 1.6.2 Noem EEN stroomproses wat tot die ontwikkeling van hierdie stroomkanaalpatroon sou bydra. (1 x 1) (1)
- 1.6.3 In watter loop van die rivier sou jy die stroomkanaalpatroon in die foto aantref? (1 x 1) (1)
- 1.6.4 Beskryf die proses wat by die opbreek van die rivier in kleiner kanale betrokke is. (2 x 2) (4)
- 1.6.5 Ontleed die rol wat die bome in die stroomafloop sou speel. (2 x 2) (4)
- 1.6.6 Stel voor, met 'n rede, of die stroomkanaalpatroon in die foto permanent of seisoenaal in riviere in Suid-Afrika se binneland sou voorkom. (2 x 2) (4)
- [75]**

VRAAG 2

- 2.1 FIGUUR 2.1 toon die invloed van hellingsrigting op verskillende valleihange wat op 24°16'S geleë is.
- 2.1.1 Is die invloed van hellingsrigting op die valleihange meer waarneembaar in die somer of in die winter?
- 2.1.2 Sal helling **X** of helling **Y** direkte sonstrale ontvang?
- 2.1.3 Watter helling, **X** of **Y**, sal die hoogste grondwaterinhoud hê?
- 2.1.4 Sal helling **X** of helling **Y** die geskikste vir saaiboerdery wees?
- 2.1.5 Watter helling, **X** of **Y**, word die skadusone genoem?
- 2.1.6 Sal nedersettings die waarskynlikste by **A** of **B** voorkom?
- 2.1.7 Sal valleihange nader aan die ewenaar meer of minder deur die hellingsrigting beïnvloed word?
- 2.1.8 Sal woude die waarskynlikste op helling **X** of helling **Y** voorkom? (8 x 1) (8)

- 2.2 Bestudeer FIGUUR 2.2, wat 'n gedeelte van 'n rivierloop aantoon, en beantwoord die vrae wat volg.
- 2.2.1 Benoem die rivierloop tussen **A** en **C**.
- 2.2.2 Toon **A** die bron of die monding van die rivier aan?
- 2.2.3 Noem die tipe erosie by **B**.
- 2.2.4 Benoem die fluviale verskynsel by **C**.
- 2.2.5 Watter tipe erosie vind by **C** plaas?
- 2.2.6 Benoem die helling wat op die buiteoewer by **D** ontwikkel het.
- 2.2.7 Sal hierdie rivier 'n gegradeerde of ongegradeerde rivierprofiel hê?
(7 x 1) (7)
- 2.3 Verwys na FIGUUR 2.3, wat 'n boaansig en 'n deursnit van 'n Suid-Afrikaanse bergwind aantoon.
- 2.3.1 Gee TWEE bewyse uit die skets om die stelling te ondersteun dat FIGUUR 2.3 'n bergwind aantoon.
(2 x 1) (2)
- 2.3.2 Waarom ontstaan bergwinde hoofsaaklik in die winter?
(2 x 1) (2)
- 2.3.3 Gee redes vir die hoë temperatuur en lae humiditeit van 'n bergwind wanneer dit die kus bereik.
(2 x 2) (4)
- 2.3.4 Verduidelik waarom die invloed van bergwinde op mense en boerdery as negatief beskou word.
(3 x 2) (6)
- 2.4 FIGUUR 2.4 toon 'n temperatuurinversie bo 'n stad aan.
- 2.4.1 Wat is 'n *temperatuurinversie*?
(1 x 1) (1)
- 2.4.2 Watter bewys op die grafiek toon aan dat 'n temperatuurinversie voorkom?
(1 x 1) (1)
- 2.4.3 Watter boodskap dra die deksel op die rookmis oor?
(1 x 2) (2)
- 2.4.4 Noem TWEE maniere waarop rookmis die lewenskwaliteit van mense beïnvloed.
(2 x 2) (4)
- 2.4.5 Stel, in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, volhoubare metodes voor wat gebruik kan word om die hoeveelheid rookmis wat oor 'n stad geproduseer word, te verminder.
(4 x 2) (8)

- 2.5 FIGUUR 2.5 toon stroomroof aan.
- 2.5.1 Benoem **S** en **Y** onderskeidelik met die terme 'rowerstroom' en 'geroofde stroom'. (2 x 1) (2)
- 2.5.2 Benoem die stroomroofverskynsels by **A** en **B** onderskeidelik. (2 x 1) (2)
- 2.5.3 Gee TWEE redes waarom rivier **S** teen 'n vinniger tempo erodeer. (2 x 2) (4)
- 2.5.4 Verduidelik, in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, die invloed van stroomroof op die watervolume en die erosievermoë van rivier **B** en **S** onderskeidelik. (4) (8)
- 2.6 Bestudeer FIGUUR 2.6, wat 'n lys met wenke van die Departement van Waterwese gee om opvangsgebiede en dreineerbekke in Suid-Afrika volhoubaar te bestuur, en beantwoord dan die vrae wat volg.
- 2.6.1 Definieer die term *oorbenutting*. (1 x 1) (1)
- 2.6.2 Wat is 'n *opvangsgebied*? (1 x 1) (1)
- 2.6.3 Verduidelik hoe die verwydering van uitheemse plantegroei die oorbenutting van waterhulpbronne in Suid-Afrika sal voorkom. (2 x 2) (4)
- 2.6.4 Hoe dra die bewaring van vleilande by tot die volhoubare bestuur van 'n dreineerbekke? (1 x 2) (2)
- 2.6.5 Bespreek die belangrikheid van die bewaring van plantegroei-bedekking in 'n dreineerbekke. (3 x 2) (6)
- [75]**

AFDELING B: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE GEOGRAFIE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. As jy EEN vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy TWEE vrae in AFDELING A beantwoord.

VRAAG 3

3.1 Verwys na FIGUUR 3.1, 'n foto van 'n nedersetting. Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 3.1.8 tersiër.

3.1.1 Die foto is 'n voorbeeld van 'n (landelike/stedelike) nedersetting.

3.1.2 Hierdie nedersetting staan as 'n (geïsoleerde plaasopstal/boeredorpie) bekend.

3.1.3 Die fisiese faktor wat vir die keuse van die nedersetting se standplaas verantwoordelik is, is die (gelyk grond/rivier).

3.1.4 Die landbougrond in hierdie foto word deur (masjiene/arbeiders) bewerk.

3.1.5 Die nedersetting wat uitgebeeld word, is (geïsoleerd/kernagtig).

3.1.6 Die landbouproduk wat in hierdie gebied verbou word, is waarskynlik (graan/vrugte).

3.1.7 Hierdie nedersetting is (enkelfunksioneel/multifunksioneel). (7 x 1) (7)

3.2 Kies 'n voorbeeld uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 3.2.9 J.

KOLOM A	KOLOM B
3.2.1 Primêre aktiwiteit	A inligtingstechnologie
3.2.2 Sekondêre aktiwiteit	B paaie, spoorweë en kommunikasie
3.2.3 Uitvoermark	C mynbou
3.2.4 Kwaternêre aktiwiteit	D plaaslike handel
3.2.5 Kleinskaalse boerdery	E bruto binnelandse produk
3.2.6 Tuismark	F groentetuin
3.2.7 Grootskaalse boerdery	G vervaardiging
3.2.8 Infrastruktuur	H internasionale handel
	I suikerrietplantasie

(8 x 1) (8)

- 3.3 Lees die artikel oor verstedeliking in FIGUUR 3.3 en beantwoord dan die vrae wat volg.
- 3.3.1 Definieer die term *verstedeliking*. (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Noem die persentasie mense wat in stedelike gebiede in Suid-Afrika woon. (1 x 1) (1)
- 3.3.3 Wat is die oorsake van verstedeliking in Suid-Afrika? (2 x 1) (2)
- 3.3.4 Noem VIER probleme wat met verstedeliking verband hou. (4 x 1) (4)
- 3.3.5 Verwys na die 'slegte' geboue in die artikel.
- (a) Bespreek TWEE oorsake van 'slegte' geboue. (2 x 2) (4)
- (b) Stel TWEE moontlike oplossings vir die probleem van 'slegte' geboue voor. (2 x 2) (4)
- 3.4 FIGUUR 3.4 is 'n artikel uit die *International Business Times* oor informele wonings (behuising). Lees die artikel en beantwoord die vrae wat volg.
- 3.4.1 Definieer die term *informele nedersetting*. (1 x 1) (1)
- 3.4.2 Beskryf die tendens wat met informele nedersettings in Suid-Afrika geassosieer word deur syfers uit die artikel aan te haal. (1 x 2) (2)
- 3.4.3 Waarom is daar meer informele nedersettings in mynbou- en nywerheidskerne? (1 x 1) (1)
- 3.4.4 Waarom word hierdie nedersettings as onooglik (nie mooi om na te kyk nie) vir die landskap beskou? (1 x 2) (2)
- 3.4.5 Verduidelik, in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, die sosiale probleme en kwesbaarheid van mense wat in informele nedersettings woon. (4 x 2) (8)
- 3.5 FIGUUR 3.5 is 'n staafgrafiek wat Suid-Afrika se invoere en uitvoere van landbouprodukte vanaf 2008 tot 2013 vergelyk, met 'n meegaande stelling.
- 3.5.1 Dui aan of Suid-Afrika meer van sy landbouprodukte in 2008/2009 ingevoer of uitgevoer het. (1 x 1) (1)
- 3.5.2 Dui die algemene tendens van invoere/uitvoere vanaf 2009/2010 tot 2012/2013 aan. (1 x 1) (1)
- 3.5.3 Watter landbouproduk het in 2012/2013 vir die grootste inkomste vir Suid-Afrika gesorg? (1 x 1) (1)

- 3.5.4 Suid-Afrika kan meer geld verdien deur die landbouprodukt in VRAAG 3.5.3 in 'n verwerkte vorm uit te voer. Verduidelik waarom dit die geval is. (1 x 2) (2)
- 3.5.5 Verduidelik TWEE handelsfaktore wat mense aangemoedig het om Suid-Afrikaanse landbouprodukte te koop. (2 x 2) (4)
- 3.5.6 Bespreek die belangrikheid van landbou vir die Suid-Afrikaanse ekonomie. (3 x 2) (6)
- 3.6 Informele handel is 'n algemene verskynsel in ontwikkelende lande.
- 3.6.1 Definieer die term *informele sektor*. (1 x 1) (1)
- 3.6.2 Noem die verhouding tussen die werkloosheidsyfer en die persentasie mense wat in die informele sektor werk. (1 x 2) (2)
- 3.6.3 Waarom kom informele handel algemeen in ontwikkelende lande voor? (1 x 2) (2)
- 3.6.4 Hoe kon die formalisering van besighede 'n positiewe invloed op die ekonomie hê? (1 x 2) (2)
- 3.6.5 Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls waarin jy maniere voorstel waarop informele handelaars bemaatig kan word om 'n sinvolle bydrae tot Suid-Afrika se ekonomie te lewer. (4 x 2) (8)
- [75]**

VRAAG 4

- 4.1 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 4.1.1 'n Groep mense, geboue, infrastruktuur en kommunikasie-verbindinge wat saam as 'n enkele, geïntegreerde stelsel funksioneer
- 4.1.2 Die ligging van 'n nedersetting in verhouding tot die omliggende landskap
- 4.1.3 Die stuk grond waarop 'n nedersetting gebou is
- 4.1.4 Hierdie nedersetting kom voor in 'n gebied waar water skaars is en mense naby aan die watervoorraad bly
- 4.1.5 Die naam wat gegee word aan 'n stad met afhanklike dorpe wat dit omring
- 4.1.6 'n Nedersetting wat naby aan 'n deurgang deur 'n fisiese versperring ontwikkel
- 4.1.7 Die punt waar een tipe vervoer met 'n ander vervang word
- 4.1.8 'n Dorp wat by 'n brug oor 'n rivier ontwikkel (8 x 1) (8)

- 4.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.2.8 tersiër.
- 4.2.1 'n (Grootskaalse/Kleinskaalse) boer het 'n klein, maar ekonomies lewensvatbare stuk grond wat winsgewend is en intensief verbou word.
- 4.2.2 Die gebrek aan toegang tot voedsel en water wat tot chroniese verhongering en verwante siektes aanleiding kan gee, staan as (voedselsekerheid/voedselonsekerheid) bekend.
- 4.2.3 Wanneer 'n regering eienaarskap en mynbou-aktiwiteite by myne oorneem, word dit (privatisering/nasionalisering) genoem.
- 4.2.4 Die prosessering van grondstowwe na verwerkte produkte staan as die (primêre/sekondêre) sektor bekend.
- 4.2.5 'n Nywerheid wat ontwikkel wanneer grondstowwe eweredig versprei is en geen invloed op die ligging van die nywerheid het nie, word 'n (brug-/alomteenwoordige) nywerheid genoem.
- 4.2.6 (Sentralisasie/Desentralisasie) is die groepering van nywerhede in een gebied.
- 4.2.7 (Brug-/Alomteenwoordige) nywerhede is tussen die bron van die grondstof en die verbruiker geleë. (7 x 1) (7)
- 4.3 FIGUUR 4.3 toon die invloedseer en reikwydte van voedselwinkels en motorhandelaars in nedersetting **A** en **B** aan.
- 4.3.1 Definieer die terme *invloedsfeer* en *reikwydte*. (2 x 1) (2)
- 4.3.2 Watter produk, voedsel of motors, het die grootste reikwydte? (1 x 1) (1)
- 4.3.3 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 4.3.2. (1 x 2) (2)
- 4.3.4 Lewer kommentaar op die drempelbevolking wat vir motorverkope benodig word. (1 x 2) (2)
- 4.3.5 Beskryf TWEE kenmerke van nedersetting **A**, wat 'n lae-orde-sentrum is. (2 x 2) (4)
- 4.3.6 Verduidelik wat die invloedseer van 'n nedersetting soos **B** beïnvloed. (2 x 2) (4)

- 4.4 FIGUUR 4.4 toon 'n vereenvoudigde model en grondgebruiksone van 'n stad in Suid-Afrika aan.
- 4.4.1 Benoem grondgebruiksone **A**. (1 x 1) (1)
- 4.4.2 Gee 'n moontlike rede waarom die oorgangsones (**B**) nie sone **A** ten volle omring nie. (1 x 2) (2)
- 4.4.3 Waarom is grondgebruiksone **D** waarskynlik 'n lae-inkomste residensiële gebied? (1 x 2) (2)
- 4.4.4 Noem EEN faktor wat die ligging van winkelsentrum **C** sou begunstig het. (1 x 2) (2)
- 4.4.5 Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls waarin jy die negatiewe faktore in grondgebruiksone **A** bespreek wat daartoe gelei het dat besighede na **C** en die omliggende omgewing toe verskuif het. (4 x 2) (8)
- 4.5 Lees die uittreksel in FIGUUR 4.5 oor steenkoolontginning in Suid-Afrika.
- 4.5.1 Noem die provinsie waarin die meeste van Suid-Afrika se steenkoolvelde voorkom. (1 x 1) (1)
- 4.5.2 Noem TWEE van Suid-Afrika se hoofnywerhede wat van steenkool as 'n grondstof afhanklik is. (2 x 1) (2)
- 4.5.3 Noem TWEE omgewingsprobleme as gevolg van steenkoolontginning in Suid-Afrika. (2 x 2) (4)
- 4.5.4 Mynbou- en steenkoolafhanklike maatskappye moet saamwerk om die omgewingsprobleme wat met steenkoolontginning geassosieer word, reg te stel. Verduidelik, in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, hoe dit gedoen kan word. (4 x 2) (8)
- 4.6 Bestudeer FIGUUR 4.6, wat inligting verskaf oor die Coega-nywerheidsontwikkelingsone (NOS) in Suid-Afrika.
- 4.6.1 In watter provinsie in Suid-Afrika is Coega geleë? (1 x 1) (1)
- 4.6.2 Coega is die grootste nywerheidsontwikkelingsone in Suid-Afrika. Wat is die grootte daarvan? (1 x 1) (1)
- 4.6.3 Noem die diepwaterhawe by Coega. (1 x 1) (1)
- 4.6.4 Gee EEN rede waarom hierdie hawe so belangrik is. (1 x 2) (2)
- 4.6.5 Verduidelik waarom kragvoorsiening in hierdie gebied nie 'n probleem sal wees nie. (2 x 2) (4)
- 4.6.6 Bespreek DRIE faktore wat in berekening gebring is om die ligging van die Coega-NOS te bepaal. (3 x 2) (6)
- TOTAAL: 225**

[75]



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12


GEOGRAFIE V1

FEBRUARIE/MAART 2016

BYLAE


Hierdie bylae bestaan uit 11 bladsye.

FIGUUR 1.1: SATELLIETBEELD VAN 'N TROPIESE STORM



[Aangepas uit <http://www.weatherphotos.co.za>]


FIGUUR 1.2: DREINEERBEKKEN



[Aangepas uit

http://www.earthonlinemedia.com/ebooks/tpe_3e/fluvial_systems/drainage_basin.jpg]


FIGUUR 1.3: MIDDELBREEDTE-SIKLOON



[Bron:


http://2.bp.blogspot.com/_LJZ5ArmANJQ/TTKJznLzb8I/AAAAAAAAABfk/01Qxc62I6mQ/s1600/shem

FIGUUR 1.4: ANTISIKLONE OOR SUID-AFRIKA




[Bron: Eksaminator se eie skets]

FIGUUR 1.5: DREINEERDIGTHEID




[Aangepas uit <http://gis4geomorphology.com/wp-content/uploads/2014/03/threshold.jpg>]

FIGUUR 1.6: RIVIERKANAALPATROON




[Aangepas uit http://www.geologyclass.org/Stream%20Concepts_files/image002.jpg]

FIGUUR 2.1: HELLINGSRIGTING




[Aangepas uit www.valleyclimates.com]

FIGUUR 2.2: RIVIERLOOP




[Aangepas uit Teacherzpet.co.uk]

FIGUUR 2.3: BERGWINDE




[Aangepas uit *Successful Geography*]

FIGUUR 2.4: TEMPERATUURINVERSIE



[Aangepas uit www.emporia.edu]

FIGUUR 2.5: STROOMROOF[Aangepas uit www.usgeologicalsurvey.com]**FIGUUR 2.6: DIE BESTUUR VAN OPVANGSGEBIEDE EN DREINEERBEKKENS**

Suid-Afrika moet die vraag na water met die beskikbaarheid van water in balans bring. Daar is verskeie maniere waarop die oorbenuiting van waterhulpbronne voorkom kan word:

1. Verwydering van uitheemse plantegroei
2. Interbekken-wateroordragskemas
3. Bestuur van grondwatervoorrade
4. Herwinning van water
5. Bewaring van vleilande
6. Bewaring van plantegroiebedekking

[Aangepas uit www.dwaf.gov.za]

FIGUUR 3.1: 'N NEDERSETTING

[Bron: <http://www.heneb.co.uk/images/12llangowerv2cropshort6461.jpg>]

FIGUUR 3.3: VERSTEDELIKING**VERSTEDELIKING: LAEKOSTE-BEHUISING SE KOSTE NIE LAAG GENOEG NIE**


11 APRIL 2014, LAUREN ROYSTON, MICHAEL CLARK

Daar is steeds geen formele plan om in die behoefte aan goedkoper binnestadse verblyf te voorsien nie. Ongeveer 60% van die Suid-Afrikaanse bevolking woon tans in stedelike gebiede. Hierdie getal sal toeneem as gevolg van natuurlike bevolkingsgroei en die toenemende migrasie van mense na stede op soek na ekonomiese geleenthede.


In baie Afrikalande, Suid-Afrika ingesluit, is regerings se standaardantwoord op armoede wat met verstedeliking geassosieer word (waar mense in agterplaasplakkershutte, informele nedersettings en 'slegte' geboue woon) om te fokus op die verbetering van lewenstandaarde in landelike gebiede ten einde landelik-stedelike migrasie te voorkom, en om armoede in stedelike gebiede te kriminaliseer deur mense uit hulle plakkershutte te sit, en om informele bestaanwyses hok te slaan.

[Aangepas uit <http://mg.co.za/article/2014-04-10-low-cost-housing-not-low-cost-enough>]


FIGUUR 3.4 INFORMELE NEDERSETTINGS



FIGUUR 3.5: LANDBOUPRODUKTE




FIGUUR 4.3: INVLOEDSFEER EN REIKWYDTE



[Bron: Eksaminator se eie skets]

FIGUUR 4.4: GRONDGEBRUIKSONES IN 'N SUID-AFRIKAANSE STAD



[Aangepas uit

<http://people.uwec.edu/ivogeler/Travel/Southern%20Africa/aparth3.gif>

FIGUUR 4.5: MYNBOU

STEENKOOLONTGINNING IN SUID-AFRIKA

Steenkoolontginning in Suid-Afrika speel 'n belangrike rol in die land se ekonomie omdat dit vir amper driekwart van Eskom se brandstofvoorraad verantwoordelik is. Dit verskaf ook steenkool aan SASOL, wat ongeveer 35% van die land se vloeibare brandstof vervaardig.

Steenkoolontginning in Suid-Afrika is in die Hoëveld gesentreer, met rofweg 60% van die land se neerslae wat in eMalahleni (Witbank) en die omliggende omgewing voorkom.

[Bron: <http://www.projectsia.co.za/coal-mining-in-south-africa.htm>]

FIGUUR 4.6: COEGA-NYWERHEIDSONTWIKKELINGSONE

COEGA-NYWERHEIDSONTWIKKELINGSONE EN -DIEPWATERHAWE

BEDRYF SA SE EERSTE & LEIDENDE NYWERHEIDSONTWIKKELINGSONE – NELSON MANDELABAAI

Sedert 1999

Die Coega-ontwikkelingskorporasie (Coega Development Corporation/CDC) is 'n entiteit in staatsbesit wat in 1999 gestig is en wat die mandaat het om die Coega-nywerheidsontwikkelingsone (NOS) te ontwikkel en te bedryf. Dit is langs die moderne diepwaterhawe-fasiliteit, Ngqura-hawe, in Nelson Mandelabaai in die Oos-Kaap, geleë. Coega se visie is om die toonaangewende katalisator vir sosio-ekonomiese groei te wees.

KITSFEITE

- GROOTSTE NOS IN SA
11 500 HA
- 14 SONES VOLGENS 'N KERN-MODEL GEBOU
- 51 000 WERKS-GELEENTHEDE SEDERT 1999 GESKEP
- 67 945 MENSE OPGELEI

- 64 443 HA GESOGTE VERHUURBARE NYWERHEIDSGROND
- MINDER AS 15 MINUTE VANAF PAD, SPOOR, LUG & SEEROETES
- 20 MINUTE SE RY NA PE SSK
- MOTOR-, HERNUBARE STOWWE-, LANDBOUPROSESSERINGS-KERN
- 30 MINUTE SE RY NA GROOTSTE WINDENERGIE-OPWEKKINGSPLAAS

- 23 OPERASIONELE BELEGGERS
- TOEGANG TOT 3 HAWENS (PE, NGQURA, OOS-LONDEN)
- GROOT LOGISTIEKE SONE DIREK MET HAWE VERBIND
- DIREKTE VERBINDING MET NGQURA-DIEPWATERHAWE
- LANGS HAWE WAT VINNIGSTE GROEI IN SUID-AFRIKA

[Aangepas uit <http://www.coega.co.za/NewsArticle.aspx?objID=106&id=365>]





basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GEOGRAFIE V1

FEBRUARIE/MAART 2016

MEMORANDUM

PUNTE: 225

Hierdie memorandum bestaan uit 13 bladsye.


AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

VRAAG 1

- 1.1.1 Tropiese sikloon (1)
- 1.1.2 Laagdrukstelsel (1)
- 1.1.3 Laat somer en vroeg herfs (1)
[AANVAAR ENIGE EEN]
- 1.1.4 Tropiese Oostewinde (1) **OF**
Suidoostelike Pasaatwinde (1)
- 1.1.5 Hadleysel (1)
- 1.1.6 Reunion (1)
- 1.1.7 Dit is die 5^{de} sikloon van die seisoen (1)
- 1.1.8 Cumulonimbus (1) (8 x 1) (8)

- 1.2.1 Waterskeiding (1)
- 1.2.2 Interfluviale waterskeiding (1)
- 1.2.3 Bron (1)
- 1.2.4 Samevloeiing (1)
- 1.2.5 Sytak (1)
- 1.2.6 Benede (1)
- 1.2.7 Riviermond (1) (7 x 1) (7)


- 1.3.1 Ekstra-tropiese sikloon/Frontale depressie/Gematigde sikloon (1) (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Die gebied is die koue sektor (1) wat deur koue, digte lug vanaf die Poolstreke gekenmerk word. (1) (2 x 1) (2)
- 1.3.3 Dwarsnit deur die koue front



- 1.3.4 Tussen 30° en 60° noord en suid van die ewenaar (2) (4 x 1) (4)
- 1.3.5 Die koue en warm fronte is ten volle ontwikkel (2) (1 x 2) (2)
Die koue en warm sektore is ook ten volle ontwikkel (2)
V-vormige inwig van warm sektor in die koue sektor in (2)
Baie lae druk in die middel (2)
Die koue front het nog nie die warm front ingehaal nie (2)
Okklusie het nog nie begin nie (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 1.3.6 Die Suid-Indiese Hoogdrukssel vorm 'n blokkerende hoog (2)
Die middelbreedte sikloon word verder suid en ooswaarts gedwing deur antikloksgewyse vloei, waar dit oor die Indiese Oseaan 'n okklusie veroorsaak en verdamp.(2) (2 x 2) (4)

- 1.4.1 A: Suid-Atlantiese Antisikloon (1) of St. Helena Hoog (1)
 B: Kalahari Antisikloon (1) of Kontinentale Hoog (1)
 C: Suid-Indiese Antisikloon (1) of Mauritius Hoog (1) (3 x 1) (3)

1.4.2



(4 x 1) (4)

1.4.3 **DIE INVLOED VAN DIE ITKS OP ANTISIKLONE**

Die Aarde se vertikale inklinasie as dit na die son front is $23\frac{1}{2}^{\circ}$ (2)
 Dit veroorsaak dat die ITKS noord en suid van die ewenaar skuif van seisoen tot seisoen (2)
 Lugdruk gordels volg die veronderstelde migrasie van die son (2)
 Tydens die Suid-Afrikaanse somer is die 3 antisiklone verder suid geleë (2)
 In die winter is die 3 antisiklone verder noord geleë (2)
 [ENIGE VIER] (4 x 2) (8)

- 1.5.1 Die verhouding tussen die totale lengte van die strome in 'n rivierstelsel en die oppervlak van die dreineerbekken wat dit dreineer (1)
 [Konsep] (1 x 1) (1)

- 1.5.2 A: Droë seisoen (1)
 B: Reënseisoen (1) (2 x 1) (2)

- 1.5.3 In die nat seisoen is dreineerdigtheid hoog as gevolg van hoë reënval (grond is dikwels versadig) en 'n hoë afloop kom voor (2)
 In die droë seisoen is dreineerdigtheid laag as gevolg van lae reënval en 'n hoë infiltrasietempo (2) (2 x 2) (4)

1.5.4 **IMPAK VAN DREINEERDIGTHEID OP DREINEERBEKKEN-ORDE**

In die nat seisoen is daar meer reënval wat tot groter volumes water lei (2) en meer 1^{ste} en 2^{de} orde strome/riviere vorm (2)
 Die gebied sal 'n hoë afloop hê (2), want die grond is versadig (2)
 Dit verhoog die dreineerbekken-orde (2)
 In die droë seisoen sal daar minder afloop wees omdat reënval minder is (2)
 Minder 1^{ste} en 2^{de} orde strome word aangetref (2)
 Die gebied sal groter infiltrasievlakke hê wat laer dreineerdigthede vorm (2)
 Die dreineerbekken-orde sal verlaag (2)
 [AANVAAR ANDER REDELIKE ANTWOORDE] (4 x 2) (8)

1.6.1	Gevleg (1)	(1 x 1)	(1)
1.6.2	Hoër afsettingsvlakke (1) OF Verlaagde vervoervlakke (1) [ENIGE EEN]	(1 x 1)	(1)
1.6.3	Middel- tot benedeloop (1)	(1 x 1)	(1)
1.6.4	Kom voor wanneer 'n rivier oor 'n geleidelike gradiënt vloei (2) Die rivier verloor energie en begin om sy vrag af te set (2) Die baan van die rivier word dan deur die alluvium/afsettings geblokkeer (2) Die rivier verdeel in aparte kanale wat rondom die alluvium-eilande vloei (2) [ENIGE TWEE]	(2 x 2)	(4)
1.6.5	Die boomwortels verlaag die afloop deurdat meer water geabsorbeer word (2) Bome blokkeer die vloei van water en afloop verlaag (2) Bome moedig infiltrasie eerder as afloop aan (2) [ENIGE TWEE]	(2 x 2)	(4)
1.6.6	Hierdie verskynsel is tydelik (2) Die meeste binnelandse riviere is periodiese riviere (2) Hulle vloei gewoonlik slegs tydens die nat seisoen, somer oor die binneland van Suid-Afrika (2) Minder afsetting vind plaas en vlegstrome verminder (2) [ENIGE EEN REDE VIR GEGEWE ANTWOORD]	(2 x 2)	(4)
			[75]

VRAAG 2

- 2.1.1 Winter (1)
 2.1.2 X (1)
 2.1.3 Y (1)
 2.1.4 X (1)
 2.1.5 Y (1)
 2.1.6 B (1)
 2.1.7 Minder (1)
 2.1.8 Y (1) (8 x 1) (8)
- 2.2.1 Boloop (1)
 2.2.2 Bron (1)
 2.2.3 Vertikale/afwaartse erosie (1)
 2.2.4 Waterval (1)
 2.2.5 Terugwaartse erosie (1)
 2.2.6 Stootoewer (1)
 2.2.7 Ongegradeer (1) (7 x 1) (7)
- 2.3.1 Die Kalaharihoogdruk is oor Suid-Afrika sigbaar (1) en die kuslaag langs die ooskus (1)
 Die antikloksgewyse lugsirkulasie (1)
 [ENIGE TWEE] (2 x 1) (2)
- 2.3.2 Die Kalaharihoogdruk is meer dominant oor Suid-Afrika in die winter (1)
 Die kuslaag beweeg makliker teen die kus langs tydens winter (1)
 'n Steil drukgradiënt kom voor tussen die binneland en die kus (1)
 [ENIGE TWEE] (2 x 1) (2)
- 2.3.3 Die temperatuur styg 1°C/100m daling – volgens die droë adiabatiese verval tempo – wat die lugtemperatuur verhoog (2)
 Vog in die atmosfeer verdamp soos wat die dalende lug warmer word en dit lei tot 'n lae humiditeit (2) (2 x 2) (4)
- 2.3.4 Suid-Afrikaanse winters is oor die algemeen droog (as gevolg van min of geen reën nie), dus kan die warm winde maklike veldbrande veroorsaak (2)
 Mense is vatbaar vir die risiko van wegholbrande – dit plaas mense se lewens in gevaar (2)
 Boere verloor gewasse en ly finansiële skade as gevolg van die omgewingsgevaar (2)
 Stedelike nedersetting teen berghange word bedreig (2)
 Mense ly onder die warm toestande (2)
 Tydens bergwinde ervaar mense ongemak en kry velirritasies (2)
 [ENIGE DRIE. AANVAAR ANDER REDELIKE ANTWOORDE] (3 x 2) (6)

- 2.4.1 'n Toename in temperatuur met hoogte (1) (1)
[Konsep] (1 x 1)
- 2.4.2 Temperatuur neem toe met hoogte voordat dit afneem (1) (1 x 1) (1)
- 2.4.3 Rookmis word deur die temperatuurinversie vasgekeer (2) (1 x 2) (2)
- 2.4.4 Dit lei tot respiratoriese infeksies (aanvaar voorbeelde) (2)
Sigbaarheid is swak (2)
Estetiese aantrekkingskrag van uitsig oor landskappe word verminder (2)
Rookmis maak geboue en argitektuur vuil (2)
[ENIGE TWEE. AANVAAR ANDER MOONTLIKE ANTWOORDE] (2 x 2) (4)
- 2.4.5 **VOLHOUBARE METODES OM ROOKMIS TE VERMINDER**
Installeer filters in skoorstene om besoedelingsdeeltjies vas te vang voordat dit in die atmosfeer vrygestel word (2)
Bou fabriek verder vanaf die stede en residensiële gebiede af (2)
Streng grondgebruiksoneringswette om nywerheidsontwikkeling in stede te verhoed (2)
Bou hoër skoorstene sodat besoedelingsdeeltjies bo die inversielaag vrygestel word (2)
Verminder nywerheidsaktiwiteite snags wanneer die inversielaag naby aan die aardoppervlak is (2)
Strenger maatreëls om die hoeveelheid besoedelingsdeeltjies wat vrygestel mag word te beheer (2)
Verhoog plantegroei om koolstofdioksied te absorber (2)
[ENIGE VIER. AANVAAR ANDER REDELIKE ANTWOORDE] (4 x 2) (8)
- 2.5.1 S: Rowerstroom (1)
Y: geroofde stroom (1) (2 x 1) (2)
- 2.5.2 A: Roofelmbog (1)
B: Windsaal (1) (2 x 1) (2)
- 2.5.3 Hoër neerslag verhoog terugwaartse erosie (2)
Groter stroomvolume verhoog erosie (2)
S vloei oor sagter rotse (2)
S het 'n steiler gradiënt (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 2.5.4 **DIE IMPAK VAN STROOMROOF OP DIE VOLUME WATER EN VERMOEË OM TE ERODEER**
- Rivier B**
Die bronwater van B word beroof (2)
Die volumewater in B verminder (2)
Bogenoemde verminder die vermoë om te erodeer (2)
Dit vorm 'n verarmde stroom (2)
- Rivier S**
Rivier S het die bronwater van rivier B geroof (2)
Water word tot rivier S bygevoeg en die volume verhoog (2)
Bogenoemde verhoog die rivier se vermoë om te erodeer (2)
Die rivier ondergaan verjonging (2)
[ENIGE VIER. MOET NA BEIDE RIVIERE B EN S VERWYS] (4 x 2) (8)

- 2.6.1 Oorbenuiting is die oormatige gebruik van 'n hulpbron wat dit uiteindelik kan vernietig (1)
[Konsep] (1 x 1) (1)
- 2.6.2 'n Opvangsgebied is die hele dreineerbekken waar 'n rivierstelsel aangetref word/die hele gebied wat deur 'n rivierstelsel gedreineer word (1)
[Konsep] (1 x 1) (1)
- 2.6.3 Uitheemse plante reproduseer baie vinnig (2)
Uitheemse plante neem die inheemse plante oor (2)
Uitheemse plante verbruik baie water (2)
Deur uitheemse plante te vernietig, sal minder water verbruik word (2)
[ENIGE TWEE. AANVAAR ENIGE ANDER REDELIKE VERDUIDELIKING] (2 x 2) (4)
- 2.6.4 Vleilande is natuurlike stoorplekke van water en voorsien dreineer bekkens van water (2)
Vleilande help om water te suiwer (2)
Tydens droë tye is water beskikbaar in vleilande (2)
[ENIGE EEN. AANVAAR ANDER MOONTLIKE ANTWOORDE] (1 x 2) (2)
- 2.6.5 Dit vertraag die vloei van water (2)
Laat infiltrasie toe (2)
Onderhou grondwatervlakke (2)
Plantwortels anker die grond (2)
Voorkom gronderosie en versanding van riviere (2)
Voorkom plaatvloei en oorstromings (2)
[ENIGE DRIE. AANVAAR ENIGE ANDER REDELIKE VERDUIDELIKING] (3 x 2) (6)
- [75]**

**AFDELING B: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN
SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE GEOGRAFIE**

VRAAG 3

3.1.1	landelik (2)		
3.1.2	boeredorpie (2)		
3.1.3	gelyk grond (1)		
3.1.4	masjiene (1)		
3.1.5	kernagtig (1)		
3.1.6	graan (1)		
3.1.7	enkelfunksioneel (1)	(7 x 1)	(7)
3.2.1	C mynbou (1)		
3.2.2	G vervaardiging (1)		
3.2.3	H internasionale handel (1)		
3.2.4	A inligtingstegnologie (1)		
3.2.5	F groentetuin (1)		
3.2.6	D plaaslike handel (1)		
3.2.7	I suikerrietplantasie (1)		
3.2.8	B paaie, spoorweë en kommunikasie (1)	(8 x 1)	(8)
3.3.1	Verstedeliking is die proses waarby die persentasie mense wat in stedelike gebiede woon toeneem (1)		
	[Konsep]	(1 x 1)	(1)
3.3.2	Ongeveer 60% (1)	(1 x 1)	(1)
3.3.3	Die natuurlike bevolkingstoename (1)		
	Verdere migrasie van mense na stede toe (2)	(2 x 1)	(2)
3.3.4	Oorbsetting (1)		
	Verkeersopeenhopings (2)		
	Oorbenuiting van stedelike infrastruktuur (2)		
	Hoër werkloosheidsvlakke (1)		
	Hoër vlakke van armoede (1)		
	Hoër misdaadsyfers (1)		
	Toename in anti-sosiale gedrag (1)		
	[ENIGE VIER. AANVAAR ANDER]	(4 x 1)	(4)
3.3.5	(a) Gebou-eienaars laat onderhoud van geboue na (2)		
	Oorbsetting van huurders/onderverhuring (2)		
	Huurders hou geboue nie in stand nie (2)		
	[ENIGE TWEE. AANVAAR ANDER]	(2 x 2)	(4)
	(b) Stedelike vernuwing deur restourasie (2)		
	Opknapping van gemeenskapsdienste en fasiliteite (2)		
	Wetgewing om slegte gebou-eienaars te hanteer 2)		
	Stadsverbeteringsdistrikte waar die hele gebied in 'n stad verbeter word om 'n beter omgewing te skep (2)		
	[ENIGE TWEE. AANVAAR ANDER]	(2 x 2)	(4)

3.4.1	'n Informele nedersetting is 'n groepering van geboue sonder voldoende infrastruktuur en dienste (soos lopende water, sanitasie, elektrisiteit) (1) [Konsep]	(1 x 1)	(1)
3.4.2	Minimum toename van 0,4 % (2)	(1 x 2)	(2)
3.4.3	Meer werkgeleenthede (1)	(1 x 1)	(1)
3.4.4	Huise swak gebou met onkonvensionele boumateriaal (2) Gebrek aan behoorlike dreineringsfasiliteite (2) Hoë besoedelingsvlakke (2) Rommel (2) Hoë geboudigtheid (2) Geen/min tuine (2) [ENIGE EEN. AANVAAR ANDER]	(1 x 2)	(2)
3.4.5	<u>SOSIALE PROBLEME EN KWESBAARHEID</u>		
	<u>Sosiale Probleme</u> Min stimulerende aktiwiteite om die jeug besig te hou (2) Lei dikwels tot dwelm- en alkoholmisbruik Baie mense werkloos (2) Hoë misdadsyfers as gevolg daarvan (2) Onhigiëniese toestande (2)		
	<u>Kwesbaarheid</u> Minder wetstoepassingsbeamptes beskikbaar (2) Gebrek aan elektrisiteit maak informele nedersettings snags donker (2) Mense in informele nedersettings is snags nie veilig nie (2) Verkragting, moord en ander misdade kom maklik voor (2) Gevaar van krotbrande (2) [ENIGE VIER. MOET NA SOSIALE PROBLEME EN KWESBAARHEID VERWYS. AANVAAR ANDER]	(4 x 2)	(8)
3.5.1	Uitgevoer (1)	(1 x 1)	(1)
3.5.2	Toename (1)	(1 x 1)	(1)
3.5.3	Sitrusvrugte (1)	(1 x 1)	(1)
3.5.4	Om 'n produk uit 'n grondstof te vervaardig maak dit meer waardevol (2)	(1 x 2)	(2)
3.5.5	Suid-Afrika se noue band met baie Afrikalande (2) Hoë kwaliteit van landbouprodukte (2) Betroubaarheid in voorsiening (2) Landbouprodukte relatief goedkoop (2) [ENIGE TWEE. AANVAAR ANDER]	(2 x 2)	(4)
3.5.6	Verskaf werkgeleenthede (2) Bring buitelandse kapitaal in (2) Dra tot land se BBP by (2) Moedig ontwikkeling van infrastruktuur aan (2) Voorsien grondstowwe aan nywerhede (2) Dra by tot voedselsekerheid en minder hoë invoer te word (2) [ENIGE DRIE. AANVAAR ANDER]	(3 x 2)	(6)

- 3.6.1 Die informele sektor is die deel van ons ekonomie wat nie belasting betaal nie en nie noodwendig geregistreerde besighede is nie (1)
[Konsep] (1 x 1) (1)
- 3.6.2 Daar is 'n verband tussen die werkloosheidsyfer en die persentasie mense wat as informele handelaars werk (2)
Soos wat die werkloosheidsyfer toeneem verhoog die proporsie mense wat in die informele sektor werk (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 3.6.3 Ontwikkelende het hoë bevolkingsyfers en minder werkgeleenthede beskikbaar (2)
Party mense moet hulself onderhou deur goedere informeel te verkoop (2)
Mense is ongeskoold en het nie soveel vaardighede nie (2)
Ongeskoolde arbeiders word nie maklik in die arbeidsmag opgeneem nie (2)
[ENIGE EEN. AANVAAR ANDER] (1 x 2) (2)
- 3.6.4 Meer inkomste word geskep omdat besighede belasting sal moet betaal (2)
Meer formele werkskepping (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 3.6.5 **BEMAGTIGING VAN INFORMELE HANDELAARS**
Verleen aan hulle dieselfde regte toe as vir formele besighede (2)
Staan lenings toe/verskaf kapitaal aan kleinbesighede en entrepreneurs (2)
Finansiering van die informele sektor sal besigheidsontwikkeling en groei aanmoedig (2)
Voorsiening van fasiliteite aan informele handelaars kan 'n meer volhoubare platform verskaf waarbinne besighede kan funksioneer (2)
Opvoeding en opleiding met betrekking tot basiese besigheidsvaardighede en finansiële bestuur (2)
Vennootskappe met gevestigde besighede (2)
[ENIGE VIER. AANVAAR ANDER REDELIKE ANTWOORDE] (4 x 2) (8)
[75]

VRAAG 4

4.1.1	Nedersetting (1)		
4.1.2	Ligging (1)		
4.1.3	Standplaas (2)		
4.1.4	Natstandplaasnedersetting (1)		
4.1.5	Metropool (1)		
4.1.6	Poortdorp (1)		
4.1.7	Vragverbrekingspunt (1)		
4.1.8	Brugdorp (1)	(8 x 1)	(8)
4.2.1	Kleinskaalse (1)		
4.2.2	Voedselonsekerheid (1)		
4.2.3	Nasionalisering (1)		
4.2.4	Sekondêre (1)		
4.2.5	Alomteenwoordige (1)		
4.2.6	Sentralisasie (1)		
4.2.7	Brug (1)	(7 x 1)	(7)
4.3.1	<i>Invoedsfeer</i> is die gebied rondom die nedersetting vanwaar dit klante lok (1)		
	<i>Reikwydte</i> is die verste afstand vanwaar mense bereid is om te reis om van 'n diens gebruik te maak (1)	(2 x 1)	(2)
4.3.2	Motorverkope (1)	(1 x 1)	(1)
4.3.3	Mense is bereid om verder te reis om 'n motor te koop as om basiese benodigdhede soos brood/melk te koop (1)		
	Om 'n motor te koop is 'n belangrike gebeurtenis wat nie dikwels gebeur nie en mense is dus bereid om verder te reis om die regte model motor te koop	(1)	(2)
	[ENIGE EEN]	(1 x 2)	
4.3.4	Motorverkope het 'n groter drempelbevolking nodig om die besigheid volhoubaar te maak en 'n wins te toon (2)	(1 x 2)	(2)
4.3.5	Het 'n kleiner reikwydte (2)		
	Het 'n kleiner invoedsfeer (2)	(2 x 2)	(4)
4.3.6	Hoër orde goedere en dienste word by B aangetref as in vergelyking met die omliggende gebied (2)		
	Mense is bereid om verder na B toe te reis om gespesialiseerde produkte en dienste te koop (2)		
	Mense reis kort afstande om die voordele van lae-orde goedere en dienste (soos melk ens.) te bekom (2)	(2 x 2)	(4)

4.4.1	Sentrale Sakekern (SSK) (1)	(1 x 1)	(1)
4.4.2	Ongelykmatige uitbreiding van die SSK (2)	(1 x 2)	(2)
4.4.3	Goedkoper grond (2) naby aan die nywerhede (2) Maklik vir sommige werkers om werk toe te loop (2) [ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
4.4.4	Toegang per pad – maklik vir motoriste (2) Oop grond en ruimte vir 'n groot winkelsentrum met parkering en ondergrondse parkering (2) Naby aan woonegebiede aan rand van die stad (kliënte en 'n mark (2) [ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
4.4.5	<u>HERVESTIGING VAN BESIGHEDE</u> Misdaad en vuilheid in die middestad (2) Dwing baie besighede om in die veiliger, skoner en goed-onderhoude uitgeleë besighheidsdistrikte soos by C te hervestig (2) Baie duur grond en verhuring in A (2) Laat besighede oorspronklik na goedkoper verhurings geleentheid hervestig (2) Oorbsetting by A (2) Verkeersopeenhopings by A (2) Verminderde toegang by A (2) Gebrek aan parkering by A(2) Bepaalde uitbreidingsvooruitsigte by A (2) [ENIGE VIER – AANVAAR ANDER]	(4 x 2)	(8)
4.5.1	Mpumalanga (1)	(1 x 1)	(1)
4.5.2	ESKOM (1) SASOL (1)	(2 x 1)	(2)
4.5.3	Gronddegradering (2) OF Oopgroefmyn 'n oogseer (2) Lugbesoedeling a.g.v. verbranding van steenkool om krag op te wek (2) [ENIGE TWEE – AANVAAR ANDER]	(2 x 2)	(4)
4.5.4	<u>REGSTEL VAN OMGEWINGSONGERECHTIGHEDE</u> Grond wat as oopgroefmyne ontgin word moet gerehabiliteer word (2) Herbeplanting en die herstel van plaaslike fauna in die gebied waar ontginning plaasgevind het moet gemonitor word (2) Toepassing van die besoedelaar-moet-betaalbeginsel en boetes vir maatskappye met hoë besoedelingsvlakke (2) Pas skrop- en skoonstepte tegnologie in skoorstene toe (2) Ruil koolstofvoetspore om vir koolstofkrediete (2) Plant meer bome om koolstofvrystelling te onderskep (2) [ENIGE VIER – AANVAAR ANDER]	(4 x 2)	(8)

4.6.1	Oos-Kaap (1)	(1 x 1)	(1)
4.6.2	11 500 hektaar (1)	(1 x 1)	(1)
4.6.3	Ngqura-hawe (1)	(1 x 1)	(1)
4.6.4	Dit is 'n modern diep hawe - dit kan groter skepe akkommodeer (2) Meer skepe kan op een slag akkommodeer word (2) [ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
4.6.5	Herwinbare energie beskikbaar – windplase 30 minute ver (2) Vul konvensionele kragbronne aan (2) [ENIGE TWEE – AANVAAR ANDER]	(2 x 2)	(4)
4.6.6	Binne 15 minute vanaf pad-, spoor- en lugvervoer - toeganklikheid (2) Naby energiebron - 30 minute se ry tot by grootste windkragopwekkingsplaas in Suid-Afrika (2) Toegang tot 3 hawens (PE, NGQURA en Oos-Londen) (2) Naby aan 'n groot logistieke sone (2) Beskikbaarheid van geskoolde/ongeskoolde arbeid (2) Beskikbaarheid van ruimte (2) [ENIGE DRIE – AANVAAR ANDER]	(3 x 2)	(6) [75]
	TOTAAL:		225